



OFFICIAL GAZETTE

of South West Africa.

Published by Authority.

OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegeef op gesag.

1/- Monday, 2nd November, 1936. WINDHOEK Maandag, 2 November 1936. No. 686

CONTENTS.

INHOUD.

	Page		Bladsy.
Proclamations —		Proklamasies —	
No. 27. South West Africa Company Limited Temporary Mining Reserve Amendment Proclamation, 1936	402	No. 27. Suidwes-Afrika Maatskappy Beperk Tydelike Mynreserwe Wysigingsproklamasie 1936	402
No. 28. Otavi Minen- und Eisenbahn Gesellschaft Temporary Mining Reserve Amendment Proclamation, 1936	402	No. 28. Otavi Minen- und Eisenbahn Gesellschaft Tydelike Mynreserwe Wysigingsproklamasie 1936	402
No. 29. Extra-Territorial and Northern Natives Control Amendment Proclamation, 1936	403	No. 29. Extra-Territoriale en Noordelike Inboorlinge Kontrole Wysigingsproklamasie 1936	403
No. 30. Licences Consolidation Amendment Proclamation, 1936	403	No. 30. Konsolidasie-Wysigingsproklamasie betreffende Lisensies 1936	403
No. 31. District Road. Gobabis District: Proclamation of	404	No. 31. Distrikspad, Distrik Gobabis: Proklamering van	404
Government Notices —		Goewermentskennisgewings —	
No. 155. Registering Officer, Electoral Divisions of Gibeon and Stampriet: Appointment as	405	No. 155. Registrasieamptenaar, Kiesafdelings Gibeon en Stampriet: Benoeming van	405
No. 156. Waterberg East Native Reserve: Proclamation of	405	No. 156. Waterberg-Oos Naturelleserwe: Proklamering van	405
No. 157. Clerks of the Court, Karibib and Luderitz: Appointments as	406	No. 157. Klerke van die Hof, Karibib en Luderitz: Aanstellings as	406
No. 158. Registering Officer, Proclaimed Area of Karibib: Appointment as	406	No. 158. Registrasieamptenaar, Geproklameerde Kring van Karibib: Aanstelling as	406
No. 159. Regulations regarding the Control of Extra-Territorial and Northern Natives: Amendment of	406	No. 159. Regulasies betreffende die Kontrole van Extra-Territoriale en Noordelike Inboorlinge: Wysiging van	406
General Notices —		Algemene Kennisgewings —	
No. 54. Revision of Voters' Roll: Electoral Division of Warmbad	406	No. 54. Hersiening van Kieserslys: Kiesafdeling Warmbad	406
No. 55. "Die Suidwes Koöperatiewe Landbouvereniging": Membership of	407	No. 55. Die Suidwes Koöperatiewe Landbouvereniging: Lidmaatskap van	407
No. 56. Revision of Voters' Roll: Electoral Division of Gobabis	407	No. 56. Hersiening van Kieserslys: Kiesafdeling Gobabis	407
No. 57. Statement of Revenue Collections for the six months ended 30th September, 1936: Statement of Expenditure from Revenue and Statement of Expenditure from Loan Funds	407	No. 57. Staat van Inkomste ontvang gedurende die ses maande eindigende 30 September 1936: Staat van Uitgawes uit Inkomstefondse en Staat van Uitgawes uit Leningsfondse	409
No. 58. Shop Hours: Opening and Closing Order, Township of Gobabis	410	No. 58. Winkelure: Openings- en Sluitingsbevel: Stadsgebied van Gobabis	410
Advertisements —		Advertensies —	
Estate Notices, etc., etc.	411	Boedelkennisgewings, ens., ens.	411

PROCLAMATIONS

By HIS HONOUR DAVID GIDEON CONRADIE,
ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA

No. 27 of 1936.]

WHEREAS it is expedient further to amend Proclamation of the Administrator of South West Africa dated the seventeenth day of November, 1920, and entitled the South West Africa Company Limited Temporary Mining Reserve Proclamation, 1920;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

1. Section *one* of the South West Africa Company Limited Temporary Mining Reserve Proclamation, 1920 (Proclamation No. 62 of 1920), as amended by the South West Africa Company Limited Temporary Mining Reserve Amendment Proclamation, 1921 (Proclamation No. 20 of 1921), the South West Africa Company Limited Temporary Mining Reserve Further Amendment Proclamation, 1923 (Proclamation No. 32 of 1923), the South West Africa Company Limited Temporary Mining Reserve Amendment Proclamation, 1925 (Proclamation No. 22 of 1925), the South West Africa Company Limited Temporary Mining Reserve Amendment Proclamation, 1926 (Proclamation No. 14 of 1926), the South West Africa Company Limited Temporary Mining Reserve Amendment Proclamation, 1931 (Proclamation No. 57 of 1931), and the South West Africa Company Limited Temporary Mining Reserve Amendment Proclamation, 1934 (Proclamation No. 28 of 1934), is hereby further amended by the deletion of the words "sixteen years" occurring therein and the substitution thereof of the words "twenty-one years"; provided that in case of any prospecting claim pegged within the period 17th November, 1936, to 16th November, 1938 (both dates inclusive), fees in respect thereof shall be due and payable as from the 17th November, 1936; provided further that the operation of the provisions of the Ordinance of the Imperial Chancellor relating to the levy of a tax on special mining rights in the German South West African Protectorate, of the 10th April, 1913, is hereby expressly excluded as regards the rights conceded under this Proclamation.

2. This Proclamation may be cited for all purposes as the "South West Africa Company Limited Temporary Mining Reserve Amendment Proclamation, 1936", and shall be read as one with the South West Africa Company Limited Temporary Mining Reserve Proclamation, 1920 (Proclamation No. 62 of 1920), amended as set forth in Section *one* hereof.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this 15th day of October, 1936.

D. G. CONRADIE,
Administrator.

No. 28 of 1936.]

WHEREAS it is expedient further to amend Proclamation of the Administrator of South West Africa dated the seventeenth day of November, 1920, and entitled the Otavi Minen- und Eisenbahn Gesellschaft Temporary Mining Reserve Proclamation, 1920;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

PROKLAMASIES

VAN SY EDELE DAVID GIDEON CONRADIE,
ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 27 van 1936.]

NADEMAAL dit wenslik is om die Proklamasie van die Administrateur van Suidwes-Afrika van die sewentiende dag van November 1920, getitel die "Zuid-West Afrika Kompanjie Beperkt Tijdelike Mijn Reserve Proklamatie 1920", verder te wysig;

SO IS DIT dat ek, ingevolge en kragtens die bevoegdheid my verleen, hierby proklameer, verklaar en bekend maak, as volg:—

1. Artikel *een* van die "Zuid-West Afrika Kompanjie Beperkt Tijdelike Mijn Reserve Proklamatie 1920" (Proklamasie No. 62 van 1920), soos gewysig by die "Zuid-West Afrika Kompanjie Beperkt Tijdelike Mijn Reserve Wijzigings Proklamatie 1921" (Proklamasie No. 20 van 1921), die "Zuidwest Afrika Maatschappij Beperkt Tijdelike Mijnreserve Verdere Wijzigings Proklamatie 1923" (Proklamasie No. 32 van 1923), die "Zuidwest Afrika Maatschappij Beperkt Tijdelike Mijnreserve Wijzigings-Proklamatie 1925" (Proklamasie No. 22 van 1925), die Suidwes-Afrika Maatskappy Beperk Tydelike Myn Reserve Wysigings Proklamasie 1926 (Proklamasie No. 14 van 1926), die Suidwes-Afrika Maatskappy Beperk Tydelike Mynreserve Wysigingsproklamasie 1931 (Proklamasie No. 57 van 1931), en soos verder gewysig by die Suidwes-Afrika Maatskappy Beperk Tydelike Mynreserve Wysigingsproklamasie 1934 (Proklamasie No. 28 van 1934), word hiermee verder gewysig deur die skraping van die woorde "sestien jare" wat daarin voorkom en die vervanging daarvan deur die woorde "een-en-twintig jare"; met dien verstande dat ingeval enige prospekteer klein afgesteek is binne die tydperk van 17 November, 1936, tot 16 November, 1938, (beide datums ingeslote), fooie in verband daarmee skuldig en betaalbaar sal wees vanaf die 17de November 1936; met dien verstande verder dat, wat die regte toegestaan onder hierdie Proklamasie betref, die werking van die bepalinge van die Ordonnansie van die Keiserlike Kanselier van die 10de April, 1913, aangaande die heffing van 'n belasting op spesiale mynrege in die Duits Suidwes Afrikaanse Protektoraat, hierdeur uitdruklik uitgesluit word.

2. Hierdie Proklamasie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die "Suidwes-Afrika Maatskappy Beperk Tydelike Mynreserve Wysigingsproklamasie 1936", en sal as een gelees word met die "Zuid-West Afrika Kompanjie Beperkt Tijdelike Mijn Reserve Wijzigings Proklamatie 1920", gewysig soos uiteengesit in Artikel *een* hiervan.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek hierdie 15de dag van Oktober 1936.

D. G. CONRADIE,
Administrateur.

No. 28 van 1936.]

NADEMAAL dit wenslik is om die Proklamasie van die Administrateur van Suidwes-Afrika van die sewentiende dag van November, 1920, getitel die "Otavi Minen- und Eisenbahn Gesellschaft Tijdelike Mijn Reserve Proklamatie, 1920," verder te wysig;

SO IS DIT dat ek, ingevolge en kragtens die bevoegdheid my verleen, hierby proklameer, verklaar en bekend maak, as volg:—

1. Section *one* of the Otavi Minen- und Eisenbahn Gesellschaft Temporary Mining Reserve Proclamation, 1920 (Proclamation No. 61 of 1920), as amended by the Otavi Minen- und Eisenbahn Gesellschaft Temporary Mining Reserve Amendment Proclamation, 1921 (Proclamation No. 39 of 1921), the Otavi Minen- und Eisenbahn Gesellschaft Temporary Mining Reserve Further Amendment Proclamation, 1923 (Proclamation No. 39 of 1923), the Otavi Minen- und Eisenbahn Gesellschaft Temporary Mining Reserve Amendment Proclamation, 1925 (Proclamation No. 21 of 1925), the Otavi Minen- und Eisenbahn Gesellschaft Temporary Mining Reserve Amendment Proclamation, 1926 (Proclamation No. 15 of 1926), the Otavi Minen- und Eisenbahn Gesellschaft Temporary Mining Reserve Amendment Proclamation, 1931 (Proclamation No. 56 of 1931), and as further amended by the Otavi Minen- und Eisenbahn Gesellschaft Temporary Mining Reserve Amendment Proclamation, 1934 (Proclamation No. 29 of 1934), is hereby further amended by the deletion of the words "sixteen years" occurring therein and the substitution therefor of the words "twenty-one years"; provided that in case of any prospecting claim pegged within the period 17th November, 1936, to 16th November, 1938 (both dates inclusive), fees in respect thereof shall be due and payable as from the 17th November, 1936; provided further that the operation of the provisions of the Ordinance of the Imperial Chancellor relating to the levy of a tax on special mining rights in the German South West African Protectorate, of the 10th April, 1913, is hereby expressly excluded as regards the rights conceded under this Proclamation.

2. This Proclamation may be cited for all purposes as the "Otavi Minen- und Eisenbahn Gesellschaft Temporary Mining Reserve Amendment Proclamation, 1936", and shall be read as one with the Otavi Minen- und Eisenbahn Gesellschaft Temporary Mining Reserve Proclamation, 1920 (Proclamation No. 61 of 1920), amended as set forth in Section *one* hereof.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this 15th day of October, 1936.

D. G. CONRADIE,
Administrator.

No. 29 of 1936.]

WHEREAS it is desirable to amend the law relating to the control of natives who have entered the portion of the Territory which is situated south of the Police Zone;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

1. Section *eight* of the Extra-territorial and Northern Natives Control Proclamation, 1935 (Proclamation No. 29 of 1935), is hereby amended by the insertion of the words "or was originally domiciled" after the word "domiciled" where it occurs therein.

2. This Proclamation may be cited for all purposes as the Extra-Territorial and Northern Natives Control Amendment Proclamation, 1936.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this 28th day of October, 1936.

D. G. CONRADIE,
Administrator.

No. 30 of 1936.]

WHEREAS it is desirable to amend the law relating to the licensing of trades and occupations;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

1. In this Proclamation the expression "the principal law" shall mean the Licences Consolidation Ordinance, 1935 (Ordinance No. 13 of 1935), as amended by the Licences Consolidation Amendment Ordinance, 1936 (Ordinance No. 1 of 1936).

1. Artikel *een* van die "Otavi Minen- und Eisenbahn Gesellschaft Tijdelike Mijn Reserve Proklamatie 1920", (Proklamasie No. 61 van 1920), soos gewysig by die "Otavi Minen- und Eisenbahn Gesellschaft Tijdelike Mijn Reserve Wijziging Proklamatie 1921", (Proklamasie No. 39 van 1921), die "Otavi Minen- und Eisenbahn Gesellschaft Tijdelike Mijnreserve Proklamatie Verdere Wijzigingsproklamatie 1923", (Proklamasie No. 39 van 1923), die "Otavi Minen- und Eisenbahn Gesellschaft Tijdelike Mijn Reserve Wijzigings-Proklamatie 1925", (Proklamasie No. 21 van 1925), die Otavi Minen- und Eisenbahn Gesellschaft Tydelike Myn Reserve Wysigings Proklamasie 1926 (Proklamasie No. 15 van 1926), die Otavi Minen- und Eisenbahn Gesellschaft Tydelike Mynreserve Wysigingsproklamasie 1931 (Proklamasie No. 56 van 1931), en soos verder gewysig by die Otavi Minen- und Eisenbahn Gesellschaft Tydelike Myn Reserve Wysigingsproklamasie 1934 (Proklamasie No. 29 van 1934), word hiermee verder gewysig deur die skraping van die woorde "sestien jare" wat daarin voorkom en die vervanging daarvan deur die woorde "een-en-twintig jare"; met dien verstande dat ingeval enige prospekter klein afgesteek is binne die tydperk van 17 November, 1936, tot 16 November, 1938, (beide datums ingeslote), fooie in verband daarmee skuldig en betaalbaar sal wees vanaf die 17de November 1936; met dien verstande verder dat, wat die regte toegestaan onder hierdie Proklamasie betref, die werking van die bepalings van die Ordonnansie van die Keiserlike Kanselier van die 10de April, 1913, aangaande die heffing van 'n belasting op spesiale mynregte in die Duits Suidwes Afrikaanse Protektoraat, hierdeur uitdruklik uitgesluit word.

2. Hierdie Proklamasie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die "Otavi Minen- und Eisenbahn Gesellschaft Tydelike Mynreserve Wysigingsproklamasie 1936, en sal as een gelees word met die "Otavi Minen- und Eisenbahn Gesellschaft Tydelike Myn Reserve Proklamatie 1920", gewysig soos uiteengesit in Artikel *een* hiervan.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek hierdie 15de dag van Oktober 1936.

D. G. CONRADIE,
Administrateur.

No. 29 van 1936.]

NADEMAAL dit wenslik is om die wet met betrekking tot die kontrole van inboorlinge wat die deel van die Gebied binnegekom het wat suidelik van die Polisesone geleë is, te wysig;

SO IS DIT dat ek, ingevolge en kragtens die bevoegdhede my verleen, hiermee proklameer, verklaar en as volg bekendmaak:—

1. Artikel *agt* van die Extra-Territoriale en Noordelike Inboorlinge Kontrole Proklamasie, 1935 (Proklamasie No. 29 van 1935), word hiermee gewysig deur die woorde "of oorspronklik gedomisiëer was" na die woorde "gedomisiëer is" in te voeg, waar hulle daarin voorkom.

2. Hierdie Proklamasie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die Extra-Territoriale en Noordelike Inboorlinge Kontrole Wysigingsproklamasie 1936.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek hierdie 28ste dag van Oktober 1936.

D. G. CONRADIE,
Administrateur.

No. 30 van 1936.]

NADEMAAL dit wenslik is om die wet met betrekking tot die lisensieverlening aan handel en bedrywe te wysig;

SO IS DIT dat ek, ingevolge en kragtens die bevoegdhede my verleen, hiermee proklameer, verklaar en as volg bekendmaak:—

1. In hierdie Proklamasie beteken die uitdrukking "die hoofwet" die Konsolidasie-Ordonnansie betreffende Lisensies 1935 (Ordonnansie No. 13 van 1935), soos gewysig deur die Konsolidasie-Wysigingsordonnansie betreffende Lisensies 1936 (Ordonnansie No. 1 van 1936).

Repealed by
Act 10/1935

2. Section *nine* of the principal law is hereby amended

- (1) by the deletion of the words "or removal" where they occur in sub-sections (1) and (2) thereof respectively; and by the deletion of the words "transfer or removal" where they occur in sub-section (4) thereof;
- (2) by the addition of the following proviso at the end of sub-section (1) thereof:—

"Provided that in the discretion of the Magistrate concerned, a special sitting of the Court may be held at any time, on written application being made therefor to such Magistrate, and on payment of a penalty as provided in sub-section (2) in respect of late applications.

And provided further that where application is made for such special session in order to obtain a new licence in terms of section *sixteen*, no penalty shall be charged."

3. Section *seventeen* of the principal law is hereby amended —

- (b) by the deletion of the words "Licensing Court, on proof that such trade or occupation has in fact been discontinued at the place for which such licence was granted" occurring therein and the substitution therefor of the words "magistrate of the said district";
- (2) by the deletion of the word "nine" where it occurs in the penultimate line thereof, and the substitution therefor of the word "ten".

4. This Proclamation may be cited for all purposes as the Licences Consolidation Amendment Proclamation, 1936.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this 28th day of October, 1936.

D. G. CONRADIE,
Administrator.

No. 31 of 1936.]

UNDER and by virtue of the powers in me vested by section *four* of the Roads and Outspans Ordinance, 1927 (Ordinance No. 15 of 1927), as amended by the Roads and Outspans Ordinance Amendment Ordinance, 1928 (Ordinance No. 10 of 1928), I do hereby declare that the road in the district of Gobabis, described in the Schedule hereto shall be a district road.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this 31st day of October, 1936.

D. G. CONRADIE,
Administrator.

SCHEDULE.

No. 92. From a point on District Road No. 43 near to the Homestead of the farm Mundtsfarm No. 192 westerly via the farm Mundtsfarm No. 192 and along an old used road on that farm and continuing via the farm Schoch No. 193, to the homestead on the lastmentioned farm.

2. Artikel *nege* van die hoofwet word hiermee gewysig

- (1) deur skrapping van die woorde "of verwydering" waar hulle in subartikels (1) en (2) respektiewelik daarvan voorkom; en deur skrapping van die woorde "oordrag of verwydering" waar hulle in subartikel (4) daarvan voorkom;
- (2) deur die toevoeging van die volgende voorbehoudsbepaling aan die end van subartikel (1) daarvan:—

"Met dien verstande dat volgens die goeddunke van die betrokke Magistraat, 'n spesiale sitting van die Hof te enige tyd gehou kan word, op skriftelike aansoek aan so 'n Magistraat gerig, en teen betaling van 'n boete soos in subartikel (2) ten opsigte van applikasies wat laat gemaak word, bepaal.

En met dien verstande verder dat wanneer applikasie vir so 'n spesiale sitting gemaak word om 'n nuwe lisensie te verkry ooreenkomstig artikel *sestien*, geen boete geëis sal word nie."

3. Artikel *sewentien* van die hoofwet word hiermee gewysig —

- (1) deur skrapping van die woorde "Lisensiehof, nadat bewys gelewer is dat sodanige handel of bedryf inderdaad op die plek waarvoor sodanige lisensie verleen is, gestaak is," wat daarin voorkom en die vervanging daarvan deur die woorde "Magistraat van die genoemde distrik";
- (2) deur skrapping van die woord "nege" waar dit in die voorlaaste lyn daarvan voorkom, en die vervanging daarvan deur die woord "tien".

4. Hierdie Proklamasie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die Konsolidasie-Wysigingsproklamasie betreffende Lisensies 1936.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek hierdie 28ste dag van Oktober 1936.

D. G. CONRADIE,
Administrateur.

No. 31 van 1936.]

INGEVOLGE en kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vier* van die Paaie en Uitspanplekke Ordonnansie 1927 (Ordonnansie No. 15 van 1927), soos gewysig by die Paaie en Uitspanplekke Ordonnansie Wysigingsordonnansie 1928 (Ordonnansie No. 10 van 1928), verklaar ek hierby dat die pad in die distrik Gobabis, beskrywe in die Bylae hiervan, 'n distrikspad is.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek hede die 31ste dag van Oktober, 1936.

D. G. CONRADIE,
Administrateur.

BYLAE.

No. 92. Vanaf 'n punt op distrikspad No. 43 naby die woning op die plaas Mundtsfarm No. 192, weswaarts oor die plaas Mundtsfarm No. 192 en met 'n ou gebruikte pad op genoemde plaas; vandaar met hierdie pad oor die plaas Schoch No. 193, tot die woning op laasgenoemde plaas.

Government Notices.

Goewermentskennisgewings.

The following Government Notices are published for general information.

F. P. COURTNEY CLARKE,
Secretary for South West Africa.

Office of the Administrator,
Windhoek.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer.

F. P. COURTNEY CLARKE,
Sekretaris vir Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 155.] [19th October, 1936.

No. 155.] [19 Oktober 1936.

REGISTERING OFFICER, ELECTORAL DIVISIONS OF GIBEON AND STAMPRIET: APPOINTMENT AS.

REGISTRASIEAMPTENAAR, KIESAFDELINGS GIBEON EN STAMPRIET: BENOEMING VAN.

The Administrator has been pleased, in terms of paragraph *three* of the Schedule to the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), to approve of the appointment of JACOBUS JOHANNES HUGO MALHERBE as Registering Officer for the Electoral Divisions of Gibeon and Stampriet, in the place of Mr. D. J. Stewart who is acting as Revising Officer.

Dit het die Administrateur behaag om, ooreenkomstig die voorsienings van paragraaf *drie* van die Bylae van "De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925" (Wet No. 42 van 1925), die aanstelling van JACOBUS JOHANNES HUGO MALHERBE, as Registrasieamptenaar vir die Kiesafdelings Gibeon en Stampriet goed te keur, in die plek van Mnr. D. J. Stewart, wat as Hersieningsamptenaar ageer.

No. 156.] [19th October, 1936.

No. 156.] [19 Oktober 1936.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section *sixteen* of the Native Administration Proclamation, 1922 (Proclamation No. 11 of 1922), to set aside under the name of the

Dit het die Administrateur behaag om, ingevolge en kragtens die bevoegdheid hom verleen deur artikel *sestien* van die "Naturelle Administratie Proklamatie 1922" (Proklamasie No. 11 van 1922) onder die naam van die

WATERBERG EAST NATIVE RESERVE,

the area of land in the district of Otjiwarongo measuring approximately 343,000 hectares in extent and bounded as follows:—

"Commencing at the eastern corner beacon of the farm "Ringklip" No. 340 in the district of Otjiwarongo, being the south-western corner beacon of the farm "Erindi Ura" No. 345 in the district of Grootfontein on the common boundary of the Magisterial Districts of Otjiwarongo and Grootfontein, as defined in the First Schedule to Proclamation No. 40 of 1920, and proceeding south-eastwards along the boundary of but excluding the farm "Erindi Ura" No. 345 in the district of Grootfontein to its south-eastern corner beacon; thence eastwards in a straight line to the north-western corner beacon of the farm "Okatjingenge" No. 292 in the district of Otjiwarongo; thence southwards, eastwards and northwards continuing along the boundaries of but excluding the farm "Okatjingenge" No. 292 to its north-eastern corner beacon on the common boundary of the districts of Otjiwarongo and Grootfontein; thence eastwards continuing along the common boundary of the districts of Otjiwarongo and Grootfontein, defined as aforesaid, to a point of longitude approximately 18° 15' East on the said district boundary; thence southwards in a straight line to the north-western corner beacon of the farm "Brauss Mahn & Co." No. 281 in the district of Otjiwarongo; thence south-westwards continuing along the boundary of but excluding the farm "Brauss Mahn & Co." No. 281 to its south-western corner beacon; thence south-eastwards and north-westwards continuing along the boundaries of and including the farm "Okozonduzu" No. 282 in the district of Otjiwarongo to its south-western corner beacon; thence westwards in a straight line to the beacon Okatjombe erected at a point south-east of and approximately 1900 metres distant from the waterhole Okatjombe situated in the Omatako Omuramba; thence north-westwards in a straight line to the south-eastern corner beacon of the farm "Hamakari Süd" No. 373; thence generally northwards continuing along the boundaries of, but excluding the farms:—

Hamakari Süd	No. 373,
Hamakari	No. 285,
Okambukonde	No. 329,
Middelbult	No. 331,
Jachtplaats	No. 336,
Elandsweide	No. 338, and
Ringklip	No. 340,

in the district of Otjiwarongo to the eastern corner beacon of the last mentioned farm, being the point of beginning.

The Government Notice No. 27 dated the 5th March, 1934, is hereby repealed.

WATERBERG-OOS NATURELLERESERWE

die landstreek in die distrik van Otjiwarongo, omtrent 343,000 hektaar groot, wat as volg begrens is, op sy te sit:—

"Beginnende by die oostelike hoekbaken van die plaas "Ringklip" No. 340 in die distrik van Otjiwarongo, wat die suidwestelike hoekbaken van die plaas "Erindi Ura" No. 345 in die distrik van Grootfontein op die gemeenskaplike grens van die magistraatsdistrikte van Otjiwarongo en Grootfontein is, soos omskrywe in die Eerste Bylae van Proklamasie No. 40 van 1920, en voortgaande suidooswaarts langs die grens van, maar uitsluitende die plaas "Erindi Ura" No. 345 in die distrik van Grootfontein na die suid-oostelike hoekbaken daarvan; vandaar ooswaarts in 'n reguit lyn na die noordwestelike hoekbaken van die plaas "Okatjingenge" No. 292 in die distrik van Otjiwarongo; vandaar suidwaarts, ooswaarts en noordwaarts langs die grense van, maar uitsluitende die plaas "Okatjingenge" No. 292 na die noordoostelike hoekbaken daarvan op die gemeenskaplike grens van die distrikte van Otjiwarongo en Grootfontein; vandaar ooswaarts langs die gemeenskaplike grens van die distrikte van Otjiwarongo en Grootfontein, omskrywe soos voormeld, tot by 'n punt (ongeveer) 18° 15' oostelike lengte op voornoemde distriksgrens; vandaar suidwaarts in 'n reguit lyn na die noordwestelike hoekbaken van die plaas "Brauss Mahn & Co." No. 281 in die distrik van Otjiwarongo; vandaar suidweswaarts langs die grens van, maar uitsluitende die plaas "Brauss Mahn & Co." No. 281 na die suidwestelike hoekbaken daarvan; vandaar suidweswaarts en noordweswaarts langs die grens van, met insluiting van die plaas "Okozonduzu" No. 282 in die distrik van Otjiwarongo na die suidwestelike hoekbaken daarvan; vandaar weswaarts in 'n reguit lyn na die baken Okatjombe, wat opgerig is op 'n punt suidoostelik van en ongeveer 1900 meters weg van die watergat Okatjombe, geleë in die Omatako Omuramba; vandaar noordweswaarts in 'n reguit lyn na die suidoostelike hoekbaken van die plaas "Hamakari Süd" No. 373; vandaar algemeen noordwaarts langs die grense van, maar uitsluitende die plase:—

Hamakari Süd	No. 373,
Hamakari	No. 285,
Okambukonde	No. 329,
Middelbult	No. 331,
Jachtplaats	No. 336,
Elandsweide	No. 338, en
Ringklip	No. 340,

in die distrik van Otjiwarongo na die oostelike hoekbaken van die laasgenoemde plaas, wat die beginpunt is.

Goewermentskennisgewing No. 27 van 5 Maart 1924 word hiermee herroep.

No. 157.]

[24th October, 1936.

The following appointments as Clerks of the Court have been approved:—

KARIBIB: ERNST GEORG HEINRICH HERMANN BLOHM, with effect from the 19th October, 1936, vice Mr. Menge, on leave.

LUDERITZ: JOHN LEONARD GRUNDLINGH, with effect from the 27th October, 1936, vice Mr. Leppan on leave.

No. 158.]

[26th October, 1936.

The Administrator has been pleased to approve of the appointment of Mr. ERNST GEORG HEINRICH HERMANN BLOHM as a Registering Officer for the purpose of exercising the powers and performing the duties assigned to Registering Officers by the regulations framed under the provisions of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1924 (Proclamation No. 34 of 1924), in respect of the proclaimed area of Karibib, during the absence on leave of Mr. W. O. H. Menge, with effect from the 19th October, 1936.

No. 159.]

[28th October, 1936.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by section *fourteen* of the Extra-territorial and Northern Natives Control Proclamation, 1935 (Proclamation No. 29 of 1935), to make the following regulation, as an amendment of and to be read as one with the regulations published under Government Notice No. 180 which is dated the twenty-second day of November, 1935.

16. Paragraph (1) of Regulation 14 is hereby amended by the deletion of the words "mentioned in the foregoing Section" occurring therein, and the substitution therefor of the words

"from the railway station nearest the place where the contract of service is being performed to the railway station nearest to the place where such native was originally domiciled".

17. Paragraph (2) of Regulation 14 is hereby amended by the deletion of the words "place of recruitment" appearing at the end thereof, and the substitution therefor of the words "railway station nearest to the domicile of origin or from the place of recruitment, as the case may be".

No. 157.]

[24 Oktober 1936.

Die volgende aanstellings as Klerke van die Hof is goedgekeur:—

KARIBIB: ERNST GEORG HEINRICH HERMANN BLOHM met ingang vanaf 19 Oktober 1936, in die plek van mnr. Menge, wie op verlof is.

LUDERITZ: JOHN LEONARD GRUNDLINGH, met ingang vanaf 27 Oktober 1936, in die plek van mnr. Leppan, wie op verlof is.

No. 158.]

[26 Oktober 1936.

Dit het die Administrateur behaag om die aanstelling van mnr. ERNST GEORG HEINRICH HERMANN BLOHM goed te keur as 'n Registrasie-amptenaar vir die doel om die bevoegdheids uit te oefen en die pligte te vervul wat aan Registrasie-amptenare toegeken is deur die regulasies wat opgetrek is ooreenkomstig die bepalings van "De Naturellen (Stedelike Gebieden) Proklamatie 1924" (Proklamasie No. 34 van 1924), ten aansien van die geproklameerde kring van Karibib, gedurende die afwesigheid op verlof van mnr. W. O. H. Menge, met ingang vanaf 19 Oktober 1936.

No. 159.]

[28 Oktober 1936.

Dit het die Administrateur behaag om, ingevolge en kragtens die bevoegdheids hom verleen deur artikel *veertien* van die Extra-Territoriale en Noordelike Inboorlinge Kontrole Proklamasie, 1935 (Proklamasie No. 29 van 1935), die volgende regulasie te maak as 'n wysiging van en om as een met die regulasies gelees te word wat volgens Goewermentskennisgewing No. 180 van die twee-en-twintigste dag van November 1935 gepubliseer is.

16. Paragraaf (1) van Regulasie 14 word hiermee gewysig deur skrapping van die woorde "genoem in die voorgaande artikel", wat daarin voorkom, en deur die vervanging daarvan deur die woorde

"vanaf die spoorwegstasie naaste aan die plek waar die dienskontrak uitgevoer word na die spoorwegstasie naaste aan die plek waar so 'n inboorling oorspronklik gedomisileer was,".

17. Paragraaf (2) van Regulasie 14 word hiermee gewysig deur skrapping van die woord "aanwerwingsplek" wat aan die end daarvan voorkom, en die vervanging daarvan deur die woorde "spoorwegstasie naaste aan die oorspronklike domicilium of van die aanwerwingsplek, soos die geval mag wees".

General Notices.

(No. 54 of 1936.)

TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

REGISTRATION OF VOTERS.

ELECTORAL DIVISION WARMBAD.

REGISTERING OFFICER'S NOTICE OF REVISING OFFICER'S COURT.

Notice is hereby given that the Revising Officer the Magistrate, Warmbad, will attend at WARMBAD on the 9th day of December, 1936, at 10 o'clock a.m., for the purpose of amending, revising, and settling the Voters' List for the Electoral Division of Warmbad.

All persons whose claims have been disallowed by the Registering Officer, and all persons who have objected in writing to the right of any person enrolled on the Provisional List to be so enrolled, or to the right of any person claiming to have his name registered as a Voter to be so registered, and all persons who have been so objected to, may appear before the Revising Officer at the time and place aforesaid for the purpose of establishing their said claims or objections. All claimants and objectors must appear either personally or by an agent authorized thereto in writing.

Dated at Warmbad, the 2nd day of October, 1936.

P. H. K. POTGIETER,
Registering Officer

Algemene Kennisgewings.

(No. 54 van 1936.)

GEBIED SUIDWES-AFRIKA.

REGISTRASIE VAN KIESERS.

KIESAFDELING WARMBAD.

REGISTRASIE-AMPTENAAR SE KENNISGEWING VAN DIE HOF SITTING VAN DIE REWISIEUR.

Hierby word bekendgemaak dat die Rewiseur, die Magistraat, Warmbad, te WARMBAD op die 9de dag van Desember, 1936, om 10 uur v.m., sitting sal hou om die Kieserslys vir die Kiesafdeling Warmbad te verbeter, te hersien en vas te stel.

Al die persone wie se aansprake deur die Registrasie-amptenaar afgewys is, en al die persone wat skriftelik beswaar gemaak het teen die reg van iemand wat op die Voorlopige Lys geplaas is, om aldus geplaas te word, of teen die reg van iemand, wat aanspraak gemaak het op registrasie as Kieser, om aldus geplaas te word; en al die persone, teen wie besware aldus gemaak is, kan voor die Rewiseur op die voorgenoemde tyd en plek verskyn, om hul aansprake of besware te doen geld. Al die aanspraak- en beswaarmakers moet persoonlik of deur 'n skriftelik daartoe gemagtigde persoon verskyn.

Gedateer te Warmbad op hierdie 2de dag van Oktober 1936.

P. H. K. POTGIETER,
Registrasie-amptenaar.

(No. 55 of 1936.)

(No. 55 van 1936.)

CO-OPERATIVE AGRICULTURAL SOCIETY.

KOÖPERATIEWE LANDBOUVERENIGING.

The following particulars in regard to the membership of Co-operative Agricultural Societies, are published for general information in accordance with the provisions of sub-section (3) of section 31 of the Co-operation Proclamation No. 19 of 1922.

Die volgende besonderhede in verband met die lidmaatskap van Koöperatiewe Landbouverenigings word vir algemene informasie gepubliseer ooreenkomstig die bepaling van subartikel (3) van Artikel 31 van die Koöperasie Proklamasie No. 19 van 1922.

DIE SUIDWES KOÖPERATIEWE LANDBOUVERENIGING.

Decease of member. — Oorlyde van lid.

No.	Name. — Naam.	Address — Adres	Date of decease. Datum van oorlyde.
20.	Gladys May Brown, born Moss, married O.C.P. to Joseph James Brown.	Kalkfeld.	26.9.1936.

Deeds Registry,
Windhoek,
Aktes Kantoor,
Windhoek,

P. S. LAMBRECHTS,
Registrar of Co-operative Societies.
Registrateur van Koöperatiewe Verenigings.

(No. 56 of 1936.)

(No. 56 van 1936.)

